365 BEÏNVLOED MÔRE ELKE DAG

Senwes

TUSSENTYDSE RESULTATE
31 OKTOBER 2018

INHOUDSOPGAWE

4 Besigheidsoorsig

8 Verkorte Gekonsolideerde Staat van Omvattende Inkomste

9 Verkorte Gekonsolideerde Staat van Finansiële Posisie

10 Verkorte Gekonsolideerde Staat van Kontantvloeie

10 Verkorte Gekonsolideerde Staat van Veranderinge in Ekwiteit

11 Aantekeninge tot die Verkorte Gekonsolideerde Finansiële State

15 Kennisgewing in terme van Artikel 44 en 45 van die Maatskappywet, 2008

SENWES BEPERK

Die verkorte gekonsolideerde tussentydse resultate van Senwes Beperk ("die maatskappy") soos op en vir die ses maande geëindig 31 Oktober 2018 sluit in die maatskappy, al sy filiale, gesamentlik beheerde ondernemings en geassosieerde (gesamentlik na verwys as "die groep").

Die Senwes Beperk verkorte gekonsolideerde tussentydse resultate, insluitend die staat van finansiële posisie, staat van omvattende inkomste, staat van veranderinge in ekwiteit en staat van kontantvloeie vir die ses maande geëindig 31 Oktober 2018, word voorberei ooreenkomstig die vereistes van die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (International Financial Reporting Standards) (IFRS) en die interpretasies soos aanvaar deur die Internasionale Rekeningkundige Standaarde Raad (International Accounting Standards Board), die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters (South African Institute of Chartered Accountants) (SAICA), Finansiële Rapporteringsriglyne (Financial Reporting Guides) soos uitgereik deur die Rekeningkundige Praktyke Komitee (Accounting Practices Committee), finansiële uitdrukkings soos uitgereik deur die Finansiële Verslagdoeningstandaarderaad (Financial Reporting Standards Council), die openbaarmakingsvereistes van IAS 34 Tussentydse Finansiële Verslagdoening en die vereistes van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet, 71 van 2008.



Die rekeningkundige beleid wat toegepas is in die voorbereiding van hierdie verkorte tussentydse resultate is ooreenkomstige IFRS en is konsekwent met die rekeningkundige beleide wat toegepas is in die voorbereiding van die groep se vorige geouditeerde jaarstate, behalwe soos aangedui in aantekening 9 van hierdie finansiële state.

Hierdie tussentydse resultate is nie geouditeer en 'n onafhanklike oorsig is nie gedoen deur die groep se eksterne ouditeure nie. Die tussentydse verkorte finansiële state sluit nie alle inligting en openbaarmaking in soos vereis in die jaarlikse finansiële state nie en moet gelees word in samehang met die groep se jaarlikse finansiële state soos op 30 April 2018.

Alle bedrae hou verband met die groep se resultate, tensy anders aangedui.

Die direkteure van die groep neem volle verantwoordelikheid vir die voorbereiding van hierdie verslag.

Die groep se resultate is onder toesig van die Hoof Finansiële Beampte, CF Kruger GR (SA), voorberei.

Die resultate is op 5 Desember 2018 gepubliseer.

SILO-INKOMSTE EN TONNE ONTVANG



GENORMALISEERDE WESENSVERDIENSTE



GENORMALISEERDE WINS VOOR BELASTING PER SEGMENT



BESIGHEIDSOORSIG

OORSIG

Die gronddebat, tesame met die politieke onsekerheid, het sakevertroue in die bedryf geknou en produsente het hul investering en spandering in die sektor teruggetrek. Senwes het nie daarvan ontsnap nie en die impak is die duidelikste sigbaar op die spandering aan landboutoerusting. Voeg hierby 'n opbou van mieliesurplusse oor die afgelope twee seisoene en 'n onder-gemiddelde voorseisoenreënval, dan is daar groter uitdagings in die huidige seisoen.

'n Wins na belasting van R156,5 miljoen word gereflekteer wat 6,8% hoër is as die vorige jaar. Genormaliseerde wesensverdienste het egter met 0,7% na 98,5s per aandeel verhoog. Die balansstaat het, ten spyte van 'n verlangsaming in die kredietboek, goed presteer en die eie kapitaalverhouding van 42% (2017: 36%) is goed geposisioneer binne die gestelde kaviaat van 35% - 45%.

Positiewe kontantvloei van R152,2 miljoen is uit bedryfsaktiwiteite gegenereer na die betaling van 'n finale dividend van R46,6 miljoen vir die 2018 finansiële jaar, sowel as finansieringskoste betaal ten bedrae van R99,1 miljoen. Rentedekking van 3,5 keer is beter as die vorige jaar en gemaklik binne die finansieringskaviaat.

BEDRYFSOORSIG

Marktoegang

R155 MILJOEN • 2,0% ↑

Die vorige graanseisoen het goeie momentum aan die finansiële jaar gegee, deurdat hoë oordragvoorrade vanaf die 2017/18 finansiële jaar, die nuwe jaar afgeskop het met 'n goeie platform vir bergingsinkomste. Die oesseisoen was egter gemiddeld ses weke laat teenoor die aanvanklike verwagting en het 'n permanente opbergingsverlies vir die innames van die 2018/19 oes veroorsaak. Alhoewel die besigheidsegment die vorige jaar se resultaat met 2,0% uitpresteer het, is die resultate weens dié feit agter die aanvanklike verwagting.

Die silo-opgraderingsprogram is nou in sy vierde jaar en R44,2 miljoen is verder hierop spandeer vir die eerste ses maande. Die program sal na verwagting effektiwiteit met 87% verhoog.

Die graanbemarkingsafdeling het egter die goeie marktoestande gebruik en presteer 53,9% beter as die vorige jaar, terwyl die saadafdeling rekordwinste vir die ses maande gerapporteer het.

Finansiële Dienste

R83 MILJOEN • 23,9% ↑

35,2% van seisoensrekenings wat betaalbaar was op 31 Augustus 2018, is weens die laat seisoen eers daarna vereffen en hierdie onvereffende rekenings het op 31 Oktober 2018 6,3% (2017: 4,8%) van die totale boek beloop. Dit het veroorsaak dat addisionele waardedalings geneem word in afwagting van die normalisering van die situasie teen 30 April 2019. Addisionele kapasiteit is ook gevestig in nuwe areas en produkte en hierdie projekte behoort eers later winsgewend te wees.

Insetverskaffing

R24 MILJOEN • 41,2% ↑

Meganisasieverkope is steeds onder druk, maar 'n vergrote fokus op die bestuur van bedryfskapitaal het meegebring dat die finansieringskoste meer in lyn gebring is en dat R5,9 miljoen se waardedalings op voorraad teruggeskryf kon word. Daarbenewens het die kleinhandelsbesigheid kop opgetel en ten spyte van die trae aptyt en onsekerhede vir die nuwe seisoen, is beter marges ten opsigte van die meeste van die grootmaatinsetgoedere behaal. Goeie vordering is gemaak in die uitrol en integrasie van die groothandelsbesigheid met die insetverskafferskanaal.

VOORUITSIG

Die tweede helfte van die jaar sal waarskynlik moeiliker wees weens die laat voorseisoenreën, asook laer as verwagte spandering aan kapitaalgoedere.

SAMEVATTING

'n Tussentydse dividend van 30 sent (2017: 27 sent) per aandeel is verklaar. Die laaste dag vir verhandeling, sowel as die rekorddatum, is 12 Desember 2018. Dividende sal op 13 Desember 2018 betaal word, netto van dividendterughoubelasting waar van toepassing.

Met volmag van die direksie:

JDM Minnaar
Voorsitter

F Strydom
Hoof Uitvoerende Beampte



CF Kruger
Hoof Finansiële Beampte

Klerksdorp
5 Desember 2018

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

	6 MAANDE GEËINDIG 31 OKTOBER		12 MAANDE GEËINDIG 30 APRIL
	2018 Onge-ouditeer R'm	2017 Onge-ouditeer R'm	2018 Ge-ouditeer R'm
Inkomste	**5 141**	4 844	9 540
Bedryfswins voor depresiasie en amortisasie (EBITDA)	**335**	330	702
Depresiasie en amortisasie	**(27)**	(23)	(42)
Bedryfswins voor finansieringskoste (EBIT)	**308**	307	660
Finansieringskoste	**(99)**	(111)	(223)
Wins na finansieringskoste	**209**	196	437
Winsdeel/(verlies) van gesamentlike ondernemings en geassosieerde	**6**	1	(5)
Wins voor belasting	**215**	197	432
Belasting	**(59)**	(51)	(121)
Wins vir die jaar	**156**	146	311
Ander omvattende inkomste klassifiseerbaar na wins en verlies, na belasting			
Winsdeel van ander omvattende inkomste van gesamentlike onderneming	**1**	1	(1)
Totale omvattende inkomste vir die jaar na belasting	**157**	147	310
Wins toeskryfbaar aan:			
Ekwiteitshouers van die houermaatskappy	**155**	145	310
Nie-beherende belang	**1**	1	1
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:			
Ekwiteitshouers van die houermaatskappy	**156**	146	309
Nie-beherende belang	**1**	1	1
Verdienste en genormaliseerde wesensverdienste			
Verdienste per staat van omvattende inkomste	**155**	145	310
Aanpassings:			
Wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**(1)**	-	-
Wins met verkoop van beskikbaar vir verkoop finansiële bates	**-**	(3)	-
Terugskrywing van waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting en ontasbare bates	**-**	-	(5)
Wins met verkoop van belegging in gesamentlike onderneming	**-**	-	(2)
Waardedaling op klandisiewaarde	**3**	-	1
Belastingeffek van aanpassings	**-**	-	-
Wesensverdienste:	**157**	142	304
Abnormale/eenmalige items:			
Waardedaling van beleggings en lenings	**-**	7	8
Herstrukturering skoste	**-**	-	13
Verlies op buitelandse valuta op kapitale lenings	**-**	-	1
Regs-/konsultasiefooie	**1**	12	2
Eenmalige nie-bedryfsuitgawes	**8**	2	-
Belastingeffek van aanpassings	**(2)**	1	(1)
Genormaliseerde wesensverdienste	**164**	164	327
Geweegde gemiddelde aantal aandele uitgereik ('000)	**166 299**	167 782	167 269
Verdienste per aandeel (sent)	**93,3**	86,9	185,3
Genormaliseerde wesensverdienste per aandeel (sent)	**98,5**	97,8	195,5
Verwaterde verdienste per aandeel (sent)	**88,9**	80,2	171,5
Verwaterde genormaliseerde verdienste per aandeel (sent)	**93,9**	90,7	180,9
Dividend per aandeel			
Dividend (sent)	**30,0**	27,0	54,0
Tussentydse dividend	**30,0**	27,0	27,0
Finale dividend	**-**	-	27,0
Netto batewaarde per aandeel (sent)	**1 365**	1 227	1 304

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

	SOOS OP 31 OKTOBER		SOOS OP 30 APRIL
	2018 Onge-ouditeer R'm	2017 Onge-ouditeer R'm	2018 Ge-ouditeer R'm
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting	**672**	491	567
Klandisiewaarde	**9**	-	-
Belegging in gesamentlike ondernemings	**244**	231	265
Belegging in geassosieerde	**27**	25	27
Ander finansiële bates	**5**	4	4
Langtermyn gedeelte van ander lenings ontvangbaar	**9**	-	3
Lenings en bedrae ontvangbaar	**1 121**	1 049	1 079
Uitgestelde belastingbate	**34**	4	31
Totale nie-bedryfsbates	**2 121**	1 804	1 976
Bedryfsbates			
Voorraad	**1 004**	1 584	995
Handels- en ander rekeninge ontvangbaar	**1 975**	1 816	2 828
Ander lenings ontvangbaar	**128**	31	134
Voorraad gehou onder vaste verkoopsverbintenis	**199**	218	144
Afgeleide finansiële instrumente	**28**	42	53
Kontant- en korttermyndeposito's	**32**	304	-
Totale bedryfsbates	**3 366**	3 995	4 154
TOTALE BATES	**5 487**	5 799	6 130
EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE			
Ekwiteit			
Uitgereikte aandelekapitaal	**1**	1	1
Aandelepremie	**67**	67	67
Tesourie-aandele	**(160)**	(148)	(168)
Reserwes	**41**	35	44
Behoue inkomste	**2 321**	2 096	2 215
Eie ekwiteit	**2 270**	2 051	2 159
Nie-beherende belang	**26**	20	20
Totale ekwiteit	**2 296**	2 071	2 179
Nie-bedryfslaste			
Rentedraende lenings	**1 002**	1 002	1 002
Ander finansiële laste	**52**	20	37
Uitgestelde belastinglas	**80**	-	49
Totale nie-bedryfslaste	**1 134**	1 022	1 088
Bedryfslaste			
Handels- en ander rekeninge betaalbaar	**658**	795	677
Rentedraende lenings	**1 261**	1 738	1 985
Afgeleide finansiële instrumente	**39**	46	66
Ander lenings betaalbaar	**55**	82	43
Belasting betaalbaar	**14**	15	8
Korttermynaansporingsbonusse	**23**	27	47
Oortrokke bank	**-**	-	3
Ander finansiële laste	**-**	-	28
Voorsienings	**7**	3	6
Totale bedryfslaste	**2 057**	2 706	2 863
Totale laste	**3 191**	3 728	3 951
TOTALE EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE	**5 487**	5 799	6 130

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEIE

	6 MAANDE GEËINDIG 31 OKTOBER		12 MAANDE GEËINDIG 30 APRIL
	2018 Onge-ouditeer R'm	2017 Onge-ouditeer R'm	2018 Ge-ouditeer R'm
Kontant uit bedryfsaktiwiteite	**349**	350	813
Belasting betaal	**(26)**	(30)	(86)
Finansieringskoste betaal	**(99)**	(111)	(223)
Dividende betaal	**(47)**	(44)	(90)
Verandering in bedryfskapitaal	**(25)**	138	(128)
Netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	**152**	303	286
Netto kontantvloei (gebruik deur)/uit beleggingsaktiwiteite	**(124)**	8	(256)
Netto kontantvloei voor finansieringsaktiwiteite	**28**	311	30
Netto kontantvloei uit/(gebruik deur) finansieringsaktiwiteite	**7**	(21)	(47)
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente	**35**	290	(17)
Kontant en kontantekwivalente - begin van die jaar	**(3)**	14	14
Kontant en kontantekwivalente - einde van die tydperk	**32**	304	(3)

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

	Uit-gereikte aandele-kapitaal en premie R'm	Tesourie-aandele R'm	Behoue inkomste R'm	Ander reserwes R'm	Nie-beheren-de belang R'm	Totaal R'm
Saldo op 30 April 2018 (Geouditeer)	**68**	**(168)**	**2 213**	**44**	**20**	**2 177**
Wins vir die tydperk	**-**	**-**	**155**	**-**	**1**	**156**
Ander omvattende inkomste	**-**	**-**	**-**	**1**	**-**	**1**
Dividende betaal	**-**	**-**	**(47)**	**-**	**-**	**(47)**
Verkryging van filiaal	**-**	**-**	**-**	**-**	**5**	**5**
Ekwiteitvereffende aandeel-gebaseerde betalingskema - Vestiging	**-**	**8**	**-**	**(8)**	**-**	**-**
Ekwiteitvereffende aandeel-gebaseerde betalingskema - Uitgawe	**-**	**-**	**-**	**4**	**-**	**4**
Saldo op 31 Oktober 2018 (Ongeouditeer)	**68**	**(160)**	**2 321**	**41**	**26**	**2 296**
Saldo op 30 April 2017 (Geouditeer)	68	(126)	1 995	33	19	1 989
Wins vir die tydperk	-	-	145	-	1	146
Ander omvattende inkomste	-	-	-	1	-	1
Dividende betaal	-	-	(44)	-	-	(44)
Aankoop van tesourie-aandele	-	(26)	-	-	-	(26)
Ekwiteitvereffende aandeel-gebaseerde betalingskema - Vestiging	-	4	-	(4)	-	-
Ekwiteitvereffende aandeel-gebaseerde betalingskema - Uitgawe	-	-	-	5	-	5
Saldo op 31 Oktober 2017 (Ongeouditeer)	68	(148)	2 096	35	20	2 071

AANTEKENINGE

1. VERWANTE PARTY TRANSAKSIES

1.1 Senwesbel Bpk. ("Senwesbel")

Dividende van R25,7 miljoen is aan Senwesbel betaal.

1.2 Handelsdebiteure - Direkteure

Die handelsdebiteure bestaan uit produksiekredietrekeninge sowel as ander rekeninge waarvoor klante van die maatskappy kwalifiseer. Die toestaan van krediet, terugbetalingsvoorwaardes en rentekoerse op die lenings is ooreenkomstig die maatskappybeleid wat geld vir al die klante van die maatskappy.

Op 31 Oktober 2018 het die direkteure die groep R106,2 miljoen (Oktober 2017: R45,1m) op bogenoemde rekenings geskuld, waarvan R0,2 miljoen agterstallig was (Oktober 2017: Rnul). Op datum van publikasie van hierdie state was niks van hierdie skuld agterstallig nie. Sekuriteit is volgens normale praktyke dienooreenkomstig gevestig.

2. VOORWAARDELIKE AANSPREEKLIKHEDE

Die Mededingingskommissie het 'n aansoek op Senwes en Tradevantage beteken op 24 Augustus 2017 om beweerde oortredings van die skikkingsooreenkoms tussen die Mededingingskommisie en Senwes, wat deur die Tribunaal as 'n hofbevel bekragtig is, na die Tribunaal te verwys met die versoek dat 'n administratiewe boete gehef word. Senwes ontken enige oortredings en staan die versoek teen. Nieteenstaande verskeie pogings om die saak af te handel, sal die saak voortgaan en is die verhoor geskeduleer vir Maart 2019 met finale argumente in Mei 2019.

3. NUWE BESIGHEID EN GROEPSTRUKTUUR

3.1 Besigheidskombinasie: Staalmeester (Edms) Bpk

Gedurende die periode het Senwes Equipment 'n 75% belang in Staalmeester (Edms) Bpk ("Staalmeester") verkry. Staalmeester dryf handel as 'n agri-implementvervaardiger, invoerder en handelaar. Die effektiewe datum van die verkryging was 1 Oktober 2018. Senwes hou die belang deur een van sy volfiliale.

Billike waarde van bates verkry en laste opgeneem:		**SENWES GROEP**	**STAALMEESTER (EDMS) BPK**
		R'm	**R'm**
Billike waarde van netto bates	A.....	21	21
Beheer verkry	**B.....**	**75%**	**100%**
Waarde van eiendom, aanleg en toerusting verkry	C = (AxB)...	16	21
Teenprestasie betaal	D.....	25	35
Klandisiewaarde	**E = (D-C)...**	**9**	**14**

Die netto bates erken in die 31 Oktober 2018 tussentydse finansiële state is gebaseer op voorlopige assesserings terwyl die groep verdere ondersoek doen om te bepaal of daar aparte identifiseerbare ontasbare bates en/of laste bestaan.

3.2 Verandering in aandeelhouding: Prodist (Edms) Bpk

Gedurende die periode het LRB hul 25% belang in Prodist (Edms) Bpk verkoop aan Hinterland SA (Edms) Bpk. Na hierdie transaksie hou Hinterland SA (Edms) Bpk 100% van Prodist (Edms) Bpk se aandele.

4. BEDRYFSEGMENTE

Inligting rakende rapporteerbare segmente	SEGMENTINKOMSTE		
	6 MAANDE GEËINDIG 31 OKTOBER		12 MAANDE GEËINDIG 30 APRIL
	2018 R'm	2017 R'm	2018 R'm
Finansiële dienste *(Senwes Credit, Senwes Bate Finansiering en Certisure groep)*	**162**	160	321
Inkomste vanuit finansieringskliënte en diensvlakooreenkomste	**164**	160	324
AgriRewards	**(2)**	-	(3)
Finansieringskoste	**-**	-	-
Wins van gesamentlike ondernemings	**-**	-	-
Insetverskaffing *(Senwes Equipment, JD Implemente, Staalmeester, Hinterland groep en Bastion Lime groep)*	**832**	775	1 425
Inkomste/(verlies) vanuit die verkoop van goedere en dienste gelewer	**894**	815	1 548
AgriRewards	**(1)**	-	-
Intragroepverkope	**(61)**	(40)	(123)
Finansieringskoste	**-**	-	-
Verlies uit gesamentlike ondernemings	**-**	-	-
Marktoegang *(Senwes Grainlink, Tradevantage, Senwes Graanmakelaars, Grainovation en ESC)*	**4 097**	3 841	7 690
Inkomste van kommoditeitsverhandeling, verkoop van goedere en dienste gelewer	**5 154**	6 389	11 384
AgriRewards	**(13)**	-	(25)
Intragroepverkope	**(1 044)**	(2 548)	(3 669)
Finansieringskoste	**-**	-	-
Wins uit gesamentlike ondernemings	**-**	-	-
Normale bedryfsaktiwiteite	**5 091**	4 776	9 436
Korporatiewe koste, ingesluit finansieringskoste	**50**	68	104
Inkomste van diensvlakooreenkomste	**36**	50	73
Rente ontvang van gesamentlike ondernemings	**14**	18	31
Finansieringskoste	**-**	-	-
Korporatiewe koste	**-**	-	-
Totale inkomste	**5 141**	4 844	9 540
Wins voor belasting			
Belasting			
Wins na belasting			
Nie-beherende belang			
Wins na belasting en nie-beherende belang			

5. AANKOPE EN VERVREEMDING VAN EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING

Gedurende die ses maande tot 31 Oktober 2018 het die groep eiendom, aanleg en toerusting ten bedrae van R113,9 miljoen aangekoop. Eiendom, aanleg en toerusting met 'n boekwaarde van R0,6 miljoen, is gedurende dieselfde tydperk vervreem.

SEGMENTRESULTATE		
6 MAANDE GEËINDIG 31 OKTOBER		12 MAANDE GEËINDIG 30 APRIL
2018 R'm	2017 R'm	2018 R'm
83	67	157
140	129	283
(2)	-	(3)
(61)	(64)	(132)
6	2	9
24	17	(61)
49	33	(3)
(1)	-	-
-	-	-
(20)	(11)	(36)
(4)	(5)	(22)
155	152	384
182	183	447
(13)	-	(25)
-	-	-
(18)	(35)	(46)
4	4	8
262	236	480
(47)	(39)	(48)
11	9	12
14	18	31
-	(1)	(9)
(72)	(65)	(82)
215	197	432
(59)	(51)	(121)
156	146	311
(1)	(1)	(1)
155	145	310

6. KAPITALE VERPLIGTINGE

Verbintenisse reeds gekontrakteer beloop R32,9 miljoen en sal gefinansier word deur kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite, terwyl R5,6 miljoen gemagtig is deur die direksie, maar nog nie gekontrakteer is nie.

7. BILLIKE WAARDE VAN INSTRUMENTE

Die volgende tabel som die billike waarde van instrumente op, soos geopenbaar in die staat van finansiële posisie of die groep se finansiële state, per klas van bates of laste, gekategoriseer volgens vlak van beduidendheid van insette gebruik om die billike waardes te bepaal.

	Drabedrag Totaal R'm	Gekwoteerde pryse in aktiewe markte vir soortgelyke instrumente Vlak 1 R'm	Ander beduidende waarneembare insette Vlak 2 R'm	Beduidende nie-waarneembare insette Vlak 3 R'm
31 Oktober 2018:				
Totale bates	**762**	**730**	**27**	**5**
Totale laste	**404**	**404**	**-**	**-**
30 April 2018:				
Totale bates	481	450	27	4
Totale laste	215	215	-	-
31 Oktober 2017:				
Totale bates	1 519	1 489	26	4
Totale laste	609	609	-	-

Handels- en ander debiteure, lenings ontvangbaar en -betaalbaar teen geamortiseerde koste is geag teen billike waarde te wees.

Gedurende die periode was daar geen veranderinge in die vlakke nie. Daar het ook nie nuwe items bygekom nie.

8. GEBEURE NA VERSLAGDOENINGSDATUM

Hinterland SA (Edms) Bpk ("Hinterland") is in die proses om hul bedrywighede te integreer met Prodist (Edms) Bpk ("Prodist"). Die effektiewe datum van die integrasie is 1 Desember 2018. Die integrasie stel 'n gemeenskaplike beheertransaksie daar en die netto bates word, teen drabedrag, oorgedra na Prodist.

Behalwe vir bogenoemde is die direkteure nie bewus van enige ander wesenlike gebeure wat na die verslagdoeningsdatum tot en met die datum van hierdie verslag plaasgevind het nie.

9. VERANDERING IN REKENINGKUNDIGE BELEIDE

Sedert die laaste gerapporteerde jaarstate, vir die jaar geëindig 30 April 2018, het die groep se rekeningkundige beleid verander om IFRS 9, Finansiële Instrumente en IFRS 15, Inkomste vanuit kontrakte met kliënte/klante, aan te neem. Die vereistes van hierdie standpunte is geëvalueer en daar word nie verwag dat dit 'n wesenlike finansiële impak op die finansiële state van die groep sal hê nie. Die standpunte het egter addisionele openbaarmakingsvereistes.

Met volmag van die direksie:

JDM Minnaar
Voorsitter

F Strydom
Hoof Uitvoerende Beampte

CF Kruger
Hoof Finansiële Beampte

Klerksdorp
5 Desember 2018

KENNISGEWING IN TERME VAN ARTIKEL 44 EN 45 VAN DIE MAATSKAPPYWET, 2008

Op 24 Augustus 2017 (tydens die algemene jaarvergadering) is goedkeuring deur die aandeelhouers gegee vir die verlening van finansiële bystand aan die filiale, gesamentlike ondernemings en geassosieerde van Senwes in terme van artikel 44 & 45 van die Maatskappywet, nr. 71 van 2008. In terme van die goedkeuring is die volgende bystand verleen:

Maatskappy	R'm
Equipment Holdco (Edms) Bpk	25
Staalmeester (Edms) Bpk	32

DIREKTEURE

JDM Minnaar (Voorsitter), F Strydom (Hoof Uitvoerende Beampte)*, SF Booysen (Ondervoorsitter), JBH Botha, AJ Kruger, CF Kruger (Hoof Finansiële Beampte)*, JJ Minnaar, SM Mohapi, NDP Liebenberg, TF van Rooyen, WH van Zyl and AG Waller. EM Joynt (Maatskappysekretaris).

* Uitvoerend

Karakter kan nie ontwikkel word in tye van gemak en rustigheid nie. Beproewing en lyding versterk die siel, inspireer ambisie en lei tot die bereiking van sukses.

– Helen Keller –

Korporatiewe inligting

NAVRAE OOR HIERDIE VERSLAG
Corné Kruger (Hoof Finansiële Beampte)
Telefoon: 018 464 7476
E-pos: corne.kruger@senwes.co.za

SENWES BPK
Registrasienommer: 1997/005336/06

POSADRES
Posbus 31
Klerksdorp
2570

GEREGISTREERDE KANTOOR
Charel de Klerkstraat 1
Klerksdorp
2571
Telefoon: 018 464 7800
Faks: 018 464 2228
E-pos: info@senwes.co.za

AANDEELVERHANDELING
ZAR X Gelisensieerde beurs vir die verhandeling van Senwes aandele
www.zarx.co.za
Telefoon: 018 464 7105

ETIEK-HULPLYN
080 464 7800

BELEGGERVERHOUDINGE
Aandag: Die Maatskappysekretaris
Senwes Bpk
Posbus 31
Klerksdorp
2570
Telefoon: 018 464 7104
Faks: 018 464 7121

OUDITEUR
Ernst & Young Ing.
Privaatsak X14
Sandton
2146

FINANSIERINGSVENNOTE
Absa Bank
Nedbank
Rand Merchant Bank
WesBank